

HOOFSTUK V

DIE OPLEIDING VAN DIE NGAKA

Hoewel die bongaka so 'n gespesialiseerde beroep is, is daar geen opleidingsinrigtings of -skole soos wat die Westerling het vir sy professies nie. Dit kan 'n eksklusiewe gilde genoem word, in dié sin dat die dingaka mekaar erken en respekteer, en 'n groot mate van uniformiteit het, maar hul bedrewenheid en kennis dra hulle alleen oor aan streng gekeurde kandidate, wat verkieslik hul eie seuns moet wees. (Vgl. Hanekom (1965:119) vir die soortgelyke standpunt by die Mamabolo. Die opleiding geskied in alle gevalle ook dan heeltemal streng persoonlik, daar die ngaka slegs een kandidaat op 'n keer oplei en nooit twee of drie gelyktydig nie. So 'n opleiding kan etlike maande en selfs 'n paar jaar lank duur.

A. DIE KANDIDAAT KRY 'N 'ROEPING'

Waar die bongaka in so 'n besondere verhouding staan tot die afgestorwenes, verbaas mens jou dan ook glad nie om van die ngaka self te verneem dat sy badimo (afgestorwe voorouers) aan hom verskyn het in 'n gesig of in 'n droom, en aan hom gesê het dat hy ngaka moet word nie. In hierdie opsig ¹beskou hy sy beroep dan selfs as 'n roeping, want dit is 'n opdrag van sy vader of grootvader wat hy ten alle koste moet uitvoer. Indien hy ongehoorsaam sou wees sal hy eenvoudig soos 'n kind (o o sa utlweng) "wat nie wil hoor nie" hulle seën ontbeer. Die gedagte aan ongehoorsaam te wees is ondenkbaar, want in hierdie lewe en hierna, kan 'n mens nie leef sonder jou voorouers se seën nie.)

'n Treffende beskrywing van so 'n roeping is volledig op band opgeneem en beskrywe in (A.5). Dis van 'n Bantoe onderwyser wie se oupa etlike middag aan hom verskyn het. Hy vertel dat toe hy teruggegaan het na sy ouers, hulle bevestig het dat die kort geel mannetjie wat aan hom verskyn het sy oupa was en dat hy ook aan hulle verskyn het en gesê het hy wil hê die seun moet ngaka word. Enkele uittreksels uit daardie "roeping" is die volgende:- "... ek het onderwyser geword... en is na Bloemhof. My vader het besoek gehad van sý vader. Hy was naamlik lankal dood, voordat ek nog gebore was. Hy verlang dat die kind na een of ander Tswanakundige moet gaan: 'Ek wil hê dat hy daardie ngaka-beroep moet beoefen.... Jy moet dit vir hom gee en vir hom voorskrywe... Ek sê jy moet vir hom sê hy moet gaan leer vir ngaka'."

Dit is opmerklik hoedat die vader die bogenoemde gesig in 'n droom gesien het, terwyl die grootvader in 'n gesig aan die onderwyser verskyn het en soos hy sê: "Hy het hom baie duidelik gesien, waar hy in 'n droom na hom gekom het, totdat my vader ontsteld was deur die woorde waarmee

sy vader voortdurend na hom gekom het... hy slaan miskien vier dae oor of vyf.... en dan kom hy maar weer so..."

Hy beskryf dan hoe sy ouers getwyfel het of hulle hul hieraan sou steur, omdat hy 'n geleerde mens was: "Ek het vier jaar gewag sonder om huistoe te gaan. En toe het my oupa self aan my verskyn. Maar hy het nie in die nag gekom nie... Hy het helder oordag gekom, om drie-uur in die namiddag... Hy kom toe met wind. As die wind sê: Tsuku-tsuku... dan bemerk ek reeds dat my liggaam vir my sê daar kom iets. Ek het my ore gespits, en met my oë na alle kante toe gekyk. Dan sien ek maar net dat hy reeds verskyn het... dan herken ek hom." Hy vertel dan hoe hy dan die huis invlug uit 'n groot vrees, maar dat dit niks help nie want sy oupa praat met hom terwyl hulle wat in die huis is niks hoor en niks sien nie. Na die vierde verskyning kon hy dit nie meer hou nie, en raadpleeg toe 'n ou man oor die gesigte wat hy sien. Die ou man sê toe aan hom: "Man, jy sal siek word. En op die ou end as jy wederstrewig is teen die woorde wat hy met jou praat, sal jy siek word. Hy sal jou pla na die liggaam. Jy moet hom antwoord..."

Aangesien sy oupa herhaalde male aan hom gesê het: "Jy moet gaan leer vir ngaka" het die onderwyser toe huistoe gegaan na Saulspoort waar sy ouers hom ook van hulle drome vertel het, en hy is toe na Suidwes-Afrika vir sy opleiding soos wat sy grootvader in 'n gesig aan hom voorgeskrywe het. Daar het hy toe by 'n Damara-ngaka en sy sewe dogters studeer. Ook met die Damara-dokter' sou die onderwyser se oorlede oupa gaan praat het, om vir hom die kleinseun se naam te sê en dat hy sou kom vir opleiding. Hierdie geval word spesiaal genoem en nog uitvoeriger in die tekste aangeteken, omdat dit so 'n belangrike openbaring is van hoe so 'n persoon 'n vaste vertroue en geloof het in sy roeping en opdrag. Hy kon net nie anders nie, want hy is daarin gestuur op 'n onweerstaanbare wyse, en gevolglik is sy geloof daarin ook eenvoudig onwrikbaar.

[Hanekom (1965:120) vestig die aandag daarop dat: "Ons sou dus kon sê dat dit eintlik die voorvadergeeste is wat iemand "roep" alvorens hy as toordokter ingelyf kan word."]

B. GESKIKTE KANDIDATE

Dit gebeur in die reël dat 'n Tswana ngaka tydens sy lewe let op sy eie kinders, liefs seuns maar ook dogters, om te sien wie van hulle sy lewenstaak by hom kan oorneem. Dit geld ook nie net vir sy eie kinders nie, maar soms vir 'n familiebetrekking wat begaafdheid openbaar. Schapera (1938:255) sê: "Their art is to some extent hereditary, in that the son of a magician will generally follow in his father's footsteps, but a long apprenticeship must first be served, often under several different magicians, to each of whom a fee of one or more cattle must be paid."

'n Ngaka beoefen sy beroep sonder aarseling in sy lapa of tuiste, in teenwoordigheid van sy vrou of kinders. Daar is wel sekere bereidings van middele soos die horing met kragmiddele (lenaka la dipheko) waarvan die bestanddele geheim gehou word vir die huisgenote en besoekers, maar die plante wat die vader gaan uitgrawe dra hy huistoe om te verwerk. En so gebeur dit al gaandeweg dat hy van sy seuns saamneem om te help uitgrawe en dra, en sodoende kan hy baie gou bemerk watter kind begaafdheid openbaar, deur bv. die name van die plante te onthou, waar hulle groei, en waarvoor 'n mens elkeen kan gebruik, asook by watter mengsels elkeen gevoeg word. As so 'n seun of dogter 'n voorliefde en aanleg vir die studie toon, dan lei die vader met graagte dié kind op in daardie beroep. Verskeie dingaka het meegedeel dat hulle nie kinders het wat belangstel in hierdie professie nie, omdat hulle verder op skool wil gaan leer of gaan werk.

Die ander geskikte kandidaat vir die bongaka is dié jong man wat 'n onweerstaanbare drang of begeerte het vir hierdie professie. Na bewering is daar té veel wat dit vandag as 'n papadi ('n manier om 'n inkomste te hê) beskou. Hulle meen dit is 'n maklike manier om ryk te word. Hulle bly ook net dingakanyana ('doktertjies'), en die ouer dingaka sê dit is vir hulle 'n saak van groot droefheid dat hierdie "edele" beroep nou 'n "besigheid" word wat so dikwels met bedrog gepaard gaan. Maar daar is ook diegene wat werklik belangstel, of oortuig voel dat hulle daartoe geroepe is en selfs soos in die geval wat sopas genoem is, na 'n ngaka kom met die versoek dat dié hom moet leer.

Ashton (1952:282) noem die jong leerling by die Basotho 'n lehlahana en hy sê: "Many doctors learn their profession by being apprenticed to a reputable herbalist. At first as an apprentice (lehlahana), he collects his master's fees and carries his bags; later in return for his assistance, he is shown where and how to dig for roots and how to prepare medicines..." Gaandeweg word hy dan volgens Ashton geleer om siektes te diagnoseer en te genees. As hy genoeg geleer het, begin hy om op sy eie te praktiseer, maar indien sy leermeester van hom hou en voel dat hy wil aftree, dan kan die leerling 10 beste betaal om die orige belangrikste medisyne te leer, en ontvang die ou man se medisynehorings. Dit geld ook vir die Tswana, behalwe dat 'n ngaka nie net .n ouer ngaka se medisynehorings wil ontvang nie, maar wil leer hoe om hulle krag te versterk en hulle van tyd tot tyd weer te vul, of van voor af 'n medisynehoring te berei. In hoofstuk IX word 'n noukeurige beskrywing gegee van die bereiding van so 'n medisynehoring, met al die bestanddele wat daarin kom.

C. DIE OPLEIDING

Wanneer 'n jong man die toestemming van 'n ngaka gekry het om deur hom geleer te word, begin die opleiding net soos in die geval van 'n eie seun. Voordat die onderrig begin sal die ngaka daarop aandring dat die jong man sy

opleidingsfooie of 'n deel daarvan betaal. So beskryf die een Mokgatla ngaka in (A.3) hoedat hy na die Bapedi gegaan het om te gaan leer. Hy het 'n jaar en nege maande daar gebly by die twee dingaka. Die een ngaka het 'n bul aan hom verkoop vir R16. Hierdie bul is toe geslag, en van die een horing is vir hom die medisynehoring gemaak, en van die ander sy vier dolosse. Toe moes hy nog R10 betaal "om die medisynes los te maak"; d.w.s. om openhartig onderrig te word in die plantekunde, veral die vier plante wat hom as ngaka moet beskerm. Vyf jaar later is hy toe weer vir 'n kursus van vier maande na die Bamangwato-gebied waar hy te Shoshong R10 aan 'n ngaka moes betaal vir verdere opleiding in kennis van die plante. Hy is hiervandaan na die Bakwena van Botswana waar hy vir verdere onderrig 'n bees moes betaal of R15. Hier het hy 7 maande by die ngaka gebly. Daarna sê hy: "het ek rondgegaan en mense gedokter. Ek het vir sommige (dingaka) wenke gegee en hulle vir my." 'n Ander ngaka vertel in (A.5) breedvoerig hoe hy R200 gehad het toe hy gaan leer het vir ngaka na sy "roeping" en hoedat dit 7 jaar geduur het.

Bongaka word nie net geleer deur te onderrig en af te kyk nie. 'n Kandidaat o a nosiwa bongaka - letterlik, die passiewe vorm: "Hy word die bongaka laat drink." O.a. word die bul wat geslag word se hart en borsbeen met ander middele aan die kandidaat gegee om te drink: "dit was om my te verwyder van die opvattinge wat ek gehad het, en dat ek die bongaka opvattinge kon aanvaar; sodat ek nie meer bevrees sou wees of vergeetagtig nie." (A.3).

'n Ander ngaka het verder verduidelik toe hy gesê het (A.2): "As ek iemand leer om ngaka te word, dan het hy nie (sy studie) voltooi en is hy nie ngaka as ek hom nie eers 'laat indrink' het nie. En ek gaan hom laat indrink met 'n aasvoël. Ek neem sy hart en 'n plant." Hierdie plant, Molêlêmedi is vir diê ngaka iets baie besonders, omdat dit 'n waterplant is met knolle soos ertappels wat alleen in 'n baie diep kuil met standhoudende water sou voorkom en waarin daar 'n yslike waterslang sou wees. Die een ngaka deel mee hoe hy self tydens sy opleiding heeltemal nakend onder die water moes ingaan om daardie bolle te gaan haal. Hy kon dit alleen doen nadat die ouer ngaka vir hom met baie middele ingekerf het om sy vrees weg te neem en ten slotte 'n dun gesmelte vetpreparaat laat oplek het met die woorde: "Neem, eet, laat jou arms agtertoe gaan en lek! Soos jy hier is, is jy 'n slang." 'Ek lek toe sy hand leeg en sê: "Ngaka, ek is 'n slang. Hy byt en ook maak hy lewend!"' (A.5).

Hierna sê hierdie kandidaat, is hy vir twee dae en 'n nag onder die water in, waar hy met die groot slang was en waar hy toe van die knolle van die waterplant gegrawe het en groen slyk geëet het. Hy het onder die water met oop oë rondgeloop, "want 'n slang het nie ooglede nie." Op die tweede dag het die ngaka hom weer laat uitkom, deur die slang op sy beenfluit te roep, wat hom toe uitgebring het.

Die kandidaat moes die knolle saambring en die slyk braak, wat toe vir die medisyne gebruik is waarmee hy gedokter is. (A.5).

Dieselfde ngaka verduidelik (in A.2) hoe hy nou 'n ander student die bongaka laat indrink: "As jy iemand (van hierdie waterplant) laat indrink dan moet jy kennis hê van medisyne-plant, want hierdie mens gaan vir jou dinge vra wat verbasend is." Hy sal dan vir selfs 'n maand lank net aanhou uitvra oor die gebruik van verskillende plante: "So is dan sy kennis verruim deur die voorvadergeeste wat aan hom kennis gegee het, wat net wonderlik is. Weet dan dat die mens wat waarlik verander het, hy is 'n ngaka. Wat hy sê, moet jy weet dat dit die waarheid is."

Dit blyk uit bogenoemde aanhaling dat die idee van die opleiding en die 'laat indrink' is om vir die kandidaat nie net jou kennis te gee nie, maar om hom sover te bring dat hy werklik in verbinding sal kom met sy eie badimo (voorouergeeste). Hy moet met ander woorde nie vir hulle bang wees nie, maar moet weet hoe om hulle op te soek en by hulle van tyd tot tyd voorligting te kry. Hulle, met ander woorde, moet hom leer van nou af en nie meer sy leermeester nie. Vgl. Hanekom (1965:121) wat daarop wys hoedat ook die Mamabolo ngaka wat opgelei word die hart van 'n aasvoël en die neus van 'n wolf met ander 'medisyne' moet drink om hom skerpsinnig te maak.

Hierdie beskouing kom nog duideliker aan die lig uit die volgende aanhaling uit teks A.2: "As ek hom 'laat indrink' dan meen dit dat ek die dolosse in beesmelk plaas wat in 'n groot morula houtbord is. Ek het die hart van die arend in gesit wat rou tot 'n poeier gemaak is, saam met (die waterplant) Molêlêmedi en ook saam met die stof (grond) wat ek gaan haal het by die graf van die oupa van hierdie een wat ek laat indrink. Om hom hierdie stof (van die graf) te laat indrink, is omdat 'n mens stof is. En as ek dit by die graf van die oupa neem en die een wat ek leer laat drink, dan is dit sodat hy sy grootvader sal sien in sy droom en hý hom opdragte sal gee aangaande alles, soos medisyne waarmee hy moet genees. So sal ek dan weet dat hierdie man 'n ngaka is, daar hy nog verder geleer sal word en hy herinner sal word deur sy voorouergeeste." Hierdie verduideliking laat vir 'n mens lig opgaan oor die sanksie of die gesag van die bongaka. As hy praat, voorskrifte gee, optree en valwyses van die dolosse interpreteer, dan is dit nie maar net raaiskote of slinkse streke nie, maar vir hom is dit die ernstigste saak van sy lewe. Hy kan hom nie iets meer plegtig oorstel as om die mondstuk te wees van sy vaders wat nou deur hom praat nie.

Onder andere moet ook van die grootste slange in die berge nl. Mamogaswa se braaksel, nl. 'n groenerige drillerigheid aan die kandidaat gegee word om te drink. Hy sal dan ook braak.... "en as hy dit doen dan beteken dit dat hy seëninge te voorskyn sal bring om mense te laat lewe."

Daar is (volgens teks A.7) 'n verdere streng-geheime inisiasie van die seun in die bongaka deur sy eie vader. Hulle twee gaan na 'n eensame plek in die veld met 'n swart bees wat hulle saam daar slag. Die een horing word gevul met kragmedisyne wat daar berei word en wat hulle later huis-toe sal neem. Die vel van die bees word daar in die veld ingesmeer met van al die kragmiddele wat die vader besit. Hy en die seun sit dan albei heeltemal nakend bo-op die vel waar hy dan aan die seun verduidelik en opdragte gee en wys wat hy doen en wat hy gaan bewerkstellig. Die een proefpersoon sê in teks A.7: "As 'n ngaka aan sy seun 'n erfenis van kragmiddele oordra, dan gee hy aan hom die hele geheime-nis wat hy besit. Hy bly saam met hom in die veld, want hy gaan uittrek sodat hy heeltemal nakend is. Ook sy seun moet nakend wees, bo-op 'n beesvel wat voorberei is met die krag-salwe van sy voorvaders." Hierdie vel word gedokter, d.w.s. behandel teen moontlike toordery, terwyl dit nog nat is. Die vel moet dan horingdroog word daar in die veld, en is nou die diepste geheim van die ngaka waarvan hy sê dat hy mee sal sterwe voordat hy dit openbaar. Volgens hom is die hoogtepunt van dié inlywing om jou teenstander met die weerlig te tref. Jy neem naamlik 'n vierpondhamer en staan nakend bo-op die vel en slaan dit so hard as jy kan. Die vel spring dan met jou in die lug; en die bliksemstraal tref dié een wat jou ondergang soek. Dit is die finale krag-meting waar jy met jou vyand afreken of hy met jou, met al die middele van jul beroep tot julle beskikking.

'n Mens word getref deur die drang by die dingaka om die 'vreesaanjaendste' diere te bemeester en te gebruik en daarom sê die een ngaka dan ook (A.4) dat die leerling teen die einde van sy studietyd dié moeiliker onderrig moet ontvang, as hy daarvoor kans sien. Hy moet dan leer dat hy vir verskriklike dinge nie bang moet wees nie. Die een ngaka sê: "Sy hart moet dood wees (gevoelloos), soos wanneer hy 'n mens oopklowe met 'n mes, of as hy sou gaan om skrikwekkende roofdiere te vang." Hy moet bereid wees om in die diepste kuile af te daal daar by die groot slang Kgogela wat mense aan hulle neusgate met sy gesplete tong trek in die kuile in, en by die krokodille. Hy moet selfs met 'n mes van die slang en krokodil se slym afskraap of van die vel en skubbe van hulle afsny, daar in die dieptes. Hierdie is dan van die allerkragtigste dipheko of kragmiddele wat die ngaka kan gebruik.

As 'n jong man sê hy is 'n ngaka kan hy maklik uitgetoets word deur een of ander sieke aan hom te wys wat met 'n spesiale behandeling genees moet word. So is bv. skurfsiekte by kinders se behandeling 'n goeie toets volgens een segsman. Hy sê in teks A.6: "As ons 'n ngaka wil uit-toets om te sien of hy die bongaka (ngaka-kunde) ken, dan gee ons hom 'n kind wat ly aan skurfsiekte. D.w.s. ek vind dat hierdie kind aan sy neus vat-vat, en aan sy oë en mond. Met ander woorde hy knyp-knyp homself. Om 'n kind (te genees) is moeilik; d.w.s. as jy 'n ngaka is, dan moet jy 'n kind ken." Die behandeling sluit ondermeer in die vang van

'n gogga wat onder die bas van 'n doringboom wegkruip of 'n miswurm, wat dan oorkruis op die kind se kop, van voor na agter en van oor tot oor moet kruip op 'n kaalgeskeerde paadjie waar vetterige salf ingekerf is. Die gogga of wurm kruip dan eet-eet vorentoe en eet die salf saam met die kind se bloed wat die siekte het. Sodoende versamel hy die siekte en hierna word die gogga of wurm weer op 'n boom in die veld geplaas om weg te loop met die siekte. Die kind sal dan rustig slaap en gesond word omdat die gogga of wurm die siekte weggeneem het. Indien die persoon wat sê hy is 'n ngaka met die nodige behendigheid en vaardigheid hierdie 'operasie' uitvoer, dan sal die ouer ngaka tevrede wees met sy aansprake.

D. DIE TOERUSTING VAN DIE NGAKA

Die hedendaagse Motswana ngaka maak nie so 'n imponerende indruk op die besoeker as wat verwag sou word nie. Vroeër jare voor die koms van die Blanke het hy homself bietjie meer openlik en spoggerig ten toon gestel en probeer wys wat hy alles het om sy praktyk mee te beoefen.

1. Sy mus

Hy het graag 'n mus gedra van dassiepels met die hare na buite, of wildekat (tshipa) of 'n jakkalspels (phokobye) met selfs een of twee volstruisvere daarin. (A.3). Waar hy ook al gaan weet almal dadelik: daar stap 'n ngaka.

2. Die Wildebees-stertkwas

In sy hand hou hy liefste 'n wildebees-stertkwas (seditse sa kgokong) of so nie, een van 'n bees wat hy bv. geslag het vir sy medisynehoring. Hierdie stertkwas (seditse) is vir hom essensieël want hy gebruik dit altyd vir die besprenkeling van mense of vee. Dit het dan ook by een geleentheid gebeur dat twee dingaka eers wou weet of die stertkwas wat voorheen van 'n Mokalaka-ngaka verkry is, 'n egte seditse sa bongaka is, met ander woorde 'n reg behandelde instrument van 'n ngaka was. Hulle neem toe die seditse, plaas dit op die grond en vra toe vir die dolosse om te sê of alles pluis is. Die uitspraak was toe: hierdie is 'n wildebees-stert wat uit die noorde kom, in die rigting van die Bamangwato. Die kwas is 'sterk' met medisyne behandel en is heeltemal geskik vir gebruik. Die dolosse kon ook gesê het: "Nee dit is 'n 'Moloi' se 'seditse', of dat hy 'warm' is en 'gewas' moet word.

Dingaka laat dikwels die 'seditse' tuisbly totdat dit nodig is vir 'n reinigings-besprenkeling. Nota: In die kgotla (stamvergadering) sit meermale ou manne en vlieë wegwaai of sweet en afvee met 'n bees se stertkwas. Hulle is dan nie noodwendig dingaka nie.

3. Die halssnoer

By die Tswanastamme wat dieper in Botswana en verder weg van die beskrywingsinvalde en Westerse veroordeling woon, dra die ngaka om sy nek 'n halssnoer met krag-middele wat baie indrukwekkend lyk.

Heel voor in die kuiltjie van sy nek hang die bek van 'n aasvoël en verder is daar nog ingeryg: 'n fluit gemaak van 'n mensbeen en een van 'n bobbejaan se been en een van 'n aasvoël se been, 'n stukkie wortel van die wilde-druif (*Cissus quadrangularis*), 'n swart toktokkie met rooi koltjies op wat die 'bees' van die ngaka genoem word en drie duikerhorinkies gevul met swart kragself. Tussen hulle almal is ingeryg die ruggraat-werwels van 'n luislang, 'n mamba, groot pofadder en groen-mamba, en 'n paar groen ou krale. Enige Motswana wat hierdie ngaka sien sal beïndruk wees, en elke ngaka sal vir hom ontsag hê, soos toe 'n Mokalaka met so 'n halssnoer die Bakgatla van Sikwane besoek het. In Hoofstukke X en XI word meer breedvoerig hierdie beskerm-middele beskrywe en bespreek. Nie een van hulle is sommer vir die aardigheid daar ingeryg nie. Inteendeel, hierdie ngaka voel meer soos 'n leutemmer in 'n sirkus, omring van mense wat met ontsag vervul is terwyl hy self met al daardie magte wat hy beheer en tot sy diens het, enige situasie sal aandurf.

4. Die Dolosse

Die dolosse word uitvoeriglik in Hoofstuk VIII behandel. Gewoonlik dra die ngaka hulle deesdae in 'n sakkie van muishondpels of van 'n ander vel gemaak wat in 'n gewone baadjiesak gedra kan word. In die reël het 'n ngaka sy dolosse by hom, want hy wil hulle altyd graag raadpleeg voor hy 'n besluit neem of 'n voorskrif maak.

5. Mankgwenyane: die aanwyser

Hierdie instrument wat ook gebruik word vir waar-sêery, word beskrywe in Hoofstuk VIII. 'n Paar dingaka onder die Tswana sê hulle kan 'n mankgwenyane maak en gebruik. Een beweert dat dit van ander stamme afkomstig is en nie tipies Tswana is nie, maar wel ook deur hulle gebruik word. Nie een van die 16 dingaka-proefpersone besit 'n Mankgwenyane nie, maar volgens hul beskrywing bestaan dit uit 'n stok soos 'n kiere wat die ngaka in sy hand regop vashou en vasdruk teen die grond. Bo-aan die stok is 'n stuk handwerk wat horisontaal kan beweeg soos 'n slang. Dit word van 'n hele klomp houtjies gemaak wat oorkruis aan mekaar gekoppel is soos 'n konsertina en voor aan die punt is 'n voël se bek bv. dié van 'n aasvoël. By die stok waar die 'slang' of konsertina vas is, is 'n klomp volstruisvere.

As die ngaka gevra word om te sê wie die toornaar is, of in watter rigting die beste heen verdwyn het, dan hou hy die stok regop in sy hand vas en die 'slang' begin

heen en weer swaai totdat dit uiteindelik stilstaan en iewers heen wys. Dit toon dan die rigting aan van die voorwerp wat gesoek word. Die Kgatla dingaka meen daar is 'n willekeurige element van die ngaka se hand in Mankgwenyane-waarsêery, en hulle verkies die dolosse, wat heeltemal vry is om te 'praat' soos hulle self val.

Greta Bloomhill (1962:38) behandel vlugtig 'n hele aantal soorte waarsêedia wat in Rhodesië en Zambië voorkom soos o.a. die hakata of die mukakata-sade (die mungomu), die gona, en die ngombo, maar dit lyk nie of iets soos die Mankgwenyane waarvan die Tswana dingaka praat, daar voorkom nie.

Schapera en Ashton het skynbaar ook nie die Mankgwenyane raakgeloop nie. Mönnig (1967:85) het die "mankgonyane" by die Pedi gevind en volgens sy beskrywing is die instrument en sy gebruik dieselfde as by die Tswana.

6. Die medisynesak

Soos te begrype bou 'n ngaka met verloop van tyd by sy huis 'n hele versameling van dipheko of kragmiddele op asook van die moeilik-bekombare plante wat hy op sy rondreise bymekaarmaak. Hulle is in lappies en papiertjies toegevou en in blikkies en botteltjies weggesit vir veilige bewaring, en dan nog al die soorte wortels wat hy dadelik uitken aan die tekstuur en kleur van die bas, of net deur daaraan te ruik of te proe om te weet wat dit is. Om sy goed bymekaar te hou, maak hy vir hom 'n medisynesak van 'n bok of duiker-vel, deur die hele vel weer so min of meer toe te werk soos wat die duiker was voor hy afgeslag is. In hierdie leersak wat 'n riem skouerband het, dra die ngaka dan sy medisynes, kragmiddele, bene, fluite en medisynehorings.

As hy dan uitgeroep word na 'n kranke dan gooi hy die sak oor sy skouer en stap daarheen. Daar aangekom krap hy in die sak rond om die pheko (kragmiddel) te kry wat hy nodig het. Tuis keer hy soms die hele indrukwekkende inhoud uit om na iets te soek soos 'n stukkie bobbejaanskedel of opgedroogde trapsuutjies wat hy weet in die sak moet wees.

Die hedendaagse ngaka wat tussen die meer beskaafde Batswana woon, soos by die Bakgatla van Saulspoort, verskyn nie meer so ooglopend op straat met so 'n sak vol kosbaarhede nie. Trouens dit is 'n jare se versameling wat hy daar het. Minder opvallend is om 'n moderne leertas te koop en dit te gebruik as medisynetas, waarin ook die dolosse gedra kan word.

7. Die suighoring (motlhogo)

Heelwat van die dingaka het elk 'n suighoring (motlhogo), wat hulle gebruik vir bloedlating. 'n Swaar hoofpyn of moeë, geswelde voete, wys dat die bloed te swaar 'druk' en 'n paar snytjies op die slape of enkels en die uitsig van die slegte bloed met die siekte bring dan verligting.

8. Die graafyster (kepu)

Dit gebeur nie dikwels dat 'n gewone Motswana in die veld rondloop met 'n skerp-gemaakte stuk yster soos 'n klein koevoetjie in sy hand of op sy skouer nie. Hierdie graafyster - kepu, is die handige werktuig van die ngaka waarmee hy met 'n paar behendige steke die wortel of bol kan uitgrawe wat hy nodig het. Vir feitlik elke behandeling is van twee tot ses plante nodig, en die plante van daardie streek word nie lank van te vore uitgegrawe nie, maar bly in die grond om sover as moontlik vars uitgegrawe te word. 'n Ander rede is dat daar soveel plante is, (honderde wat gebruik word), dat dit 'n onbegonne taak sou wees om almal rond te dra. Daarom is sy graafyster vir hom onmisbaar omdat hy dit voortdurend gebruik.

9. Die hand-disseltjie (phalo) is vir die ngaka 'n onmisbare werktuig, want daarmee kap hy die wortels en plante, asook vel of been in fyn stukkie om in 'n stuk potskerf te braai.

10. 'n Assegaai (lerumo) wat aan die gevegsfront gebruik is het die ngaka ook nodig wanneer hy die swart salf (tshitlho) meng en deursny met die woorde: "Aan die een kant maak jy lewend en aan die ander kant maak jy dood!" (Sien verderaan).

11. Die fluit (phala)

Elke ngaka met dolosse het ook een of meer fluite. Dit is net 'n been van bv. 'n mens of bobbejaan of selfs 'n horinkie van 'n klipspringer, wat een kant oop moet wees en een kant toe; gewoonlik so 'n 3 dm. lank en $\frac{1}{2}$ dm. dik. Die fluit is natuurlik ook baie goed met kragmiddele 'versterk'. Die ngaka hou die fluit dan regop, met die opening teen sy onderlip en blaas daarop soos 'n kind op 'n koeëldoppie. Daardie fluit word dan vergesel van 'n spreuk, gerig aan die baloi of toornaars om te sê hy is reg vir hulle, hulle kan maar kom om kragte te meet. Gewoonlik gaan dit gepaard met die woorde: "Hy wat my soek, soek ek, hy wat my nie soek nie wil ek nie hê nie!"

Indien niks gebeur met die beste of landerye of wat hy ook al beskerm het teen toordery na so 'n uitnodiging op die fluit nie, dan dien dit as bewys dat die vyand bang is.

12. Kragmiddelhorings

Elke ngaka het 'n hele paar horings (manaka a dipheko) gevul met soorte preparate wat hy altyd gereed het soos bv. vir 'n slangbyt. Hierdie horings verteenwoordig sy hele kennis en krag, want elke horing het 'n kombinasie van tot 10 van die kragtigste middele wat die ngaka van weet. In Hoofstuk IX word die maak van so 'n horing beskrywe en in teks G.1 word die besonderhede gegee.

Die een ngaka het gesê hy het 4 kragmiddelhorings:
(a) Vir oorlog; (b) Vir die huwelik; (c) Vir reise;
(d) Vir die samestelling van ander horings.

Onderstaande gee enigsins 'n beeld van met hoeveel erns die ngaka die kragmiddelhorings beskou en daaruit kom weer aan die lig watter geweldige stryd tussen die magte daar vir die Motswana voortdurend aan die gang is, waarvan die Blanke totaal onbewus is:- "As ek ontbied word vir 'n belangrike persoon van wie dit duidelik is dat ander hom probeer (toor), sal ek hom versterk (met dipheko) sodat ek hulle "toorgoed" kan laat verrot sowel as hulle medisynehorings; d.w.s. daardie mense wat hom "probeer" (beskadig). Ek sal sy medisynehorings neem as ek vind dat hulle hom baie verneder het (as hy swaar beproef is), ... Ek vernuwe hulle sodat hulle sterk kan wees, en die oorwinning kan behaal." (G.6).

As hy vind dat daar wurms in die horing is, gooi hy daar "kragmiddele" in: "sodat die horing kwaai kan wees." Met 'n hele proses moet alles binne in die horing oprys en weer afsak, wat die stryd versinnebeeld teen die wurms van die vyand in die horing, want omdat die wurms deur die vyand gestuur is, word die vyand ook verslaan as die ngaka hulle wurms kan oorwin: "Die wurm (wat ek in die horing gekry het), dié het ek dan saam daarin vermeng. Daardie (horings) van hulle is dan dood. Hulle het vrot geword; al hulle medisyne." (G.6).

Maar as die ngaka hom in hierdie stryd begeef teen ander dingaka se medisynehorings dan beseft hy dat dit 'n "lewensgevaarlike" onderneming is. Soos hy sê: "As ek iemand se medisynehoring dokter, kan ek natuurlik ook "doodgemaak" word en sterf." Juis om hierdie rede is die vergoeding wat hy vra vir hierdie dienste 4 beste "sodat indien ek sou sterf, tenminste my kinders dan 'n erfenis kry."

Die kragmiddelhorings mag nie deur vrouens hanteer word nie, maar alleen deur die senior man in die lapa. (K.2). Die een ngaka het dit samevattend so gestel: "die swart salf wat in die horing kom (is) vir enigiets waarvoor ek bang is ...ek kan net 'n stukkie neem ...en daar is niks wat vir my enige onheil kan berokken nie. Dit is die leefwyse van die swart mens; elke een. As jy daarsonder sou lewe dan sal jy spoedig bemaak dat hulle jou geskaad (getoor) het." (H.3). Indien 'n ngaka sou siek word, dan word 'n ander een ontbied om hom te behandel want 'n ngaka wat siek is kan homself nie "dokter" nie.

E. DIE NGAKA SE PERSOONLIKE BEVEILIGING

Treffend en saaklik het die een segsman die gevaarlike posisie waarin hulle beroep 'n mens plaas, saamgevat met die volgende woorde: "'n Tswana ngaka leef binne in gevaar te alle tye. Ander dingaka se assegaaie is op hom gerig. Hulle wil hom doodmaak deur:- hom deur 'n slang te

laat pik, hom met weerlig te tref, hom besete te maak, hom stom te maak, hom deur 'n rivier te laat wegspoel, hom te breek, hom gebreklik te maak, sy besittings te verniel, hom "leeus" te laat raakloop." (D13).

Mens kry hierdeur 'n insig in die 'wêreld van gevare' wat so 'n ngaka binnegaan sodra hy hom tot hierdie beroep wend. Enige ernstige siekte, ramp of onheil wat 'n ngaka tref, word dan ook dadelik in hierdie lig gesien: "Is dit iemand wat my tref? Wie? Waarom? Hoe kan ek die gevaar afwend?" En daarom dan ook dat elke ngaka baie sorgvuldige voorsorgmaatreëls tref om hom en sy besittings te beskut teen moontlike onheile. Gelukkig kan hy dan ook, op grond van sy kennis van kragte in die natuur 'teenmiddele' berei, waarmee hy homself kan beveilig en wel in so 'n mate dat hy met die grootste vrymoedigheid, versekerdheid en selfvertroue die toekoms kan tegemoetgaan sonder enige vreesagtigheid. 'n Mens sou dit kon vergelyk met 'n Blanke geneesheer wat met selfvertroue geelkoors, pokke of witseerkeel sal behandel en dus midde in dodelike gevaar gerus voel, omdat hy homself vroegtydig beveilig het met die nodige inentinge daarteen.

Soos die ngaka toe ook verder daarop wys, kan 'n leeu sommer so sy verskyning voor hom maak, gestuur deur iemand wat hom kwaadgesind is. Hierdie "stuur" van onheile, wat enige ongedierte kan wees, bv. 'n slang om jou te pik, of weerlig wat jou moet tref, of een of ander siekte soos gebreklikheid, blindheid of lamheid, is 'n baie wesentliche gevaar veral by die invloedrykes en byname: die dingaka. Dit spruit voort uit die onwrikbaar vaste geloof dat andere jaloers en naywerig is oor jou welvaart. Dit word ook geïllustreer deur die Tswana spreekwoord: "Disêlammapa ga di ratane!": "Hulle (die hoenders) wat van dieselfde pitte optel, hou nie van mekaar nie" d.w.s.: 'Die een se dood is die ander se brood'. Die dingaka is onderling jaloers en afgunstig op mekaar veral weens die feit dat 'n pasiënt wat jy behandel 'n potensiële of werklike pasiënt van 'n ander ngaka is en jy dus met hom konkurreer. Veral sal hierdie naywer sig teenoor jou openbaar namate jy steeds meer en meer pasiënte weglok van ander dingaka om na jou toe oor te kom vir behandeling.

Baie opmerklik was dan ook tydens die navorsing oor hierdie onderwerp dat gedurende 'n tydperk van vier jaar, 5 van die invloedrykste dingaka net in Sikwane se omgewing dood is na verskriklike siektes van lamheid, uitteer en blindheid, terwyl nog twee ander by die dood omgedraai het. In al 5 van die gevalle is dan ook baie duidelik gesê, ook deur die siek dingaka self, dat dit melekô is, nl. aanvalle van toordery deur ander naywerige dingaka. Hier geld natuurlik die beginsel dat jy jouself begeef het in 'n stryd tussen geestelike magte en nou self daarby betrokke geraak het. Iemand wou met die hulp van 'n ander ngaka jou pasiënt benadeel deur toormiddele, en toe het jy

teenmiddele berei en voorgeskryf en sodoende self midde in die stryd beland. Indien jy nie beskik oor sterker middele as jou opponente nie sal jy sonder twyfel die onderspit delf. So ook: indien jy vir iemand help met toormiddele om bv. wraak te neem, maar die persoon wat hy wil toor beskik oor sterkere teenmiddele as joune, dan slaan jou eie toorgoed terug op jou en op jou kliënt.

Vir ongediertes wat na jou as ngaka gestuur word bestaan daar 'n teenmiddel. Indien dit bv. 'n leeu is wat hier vlakvoor jou verskyn, vertel L. Poane, sal jy baie groot skrik. Indien jy nie 'n goed "beskutte" ngaka is nie kan jy so skrik dat jy daar en dan beswyk. Hy beskut homself met sy medisynehoring. Hy sal dan op sy fluit van 'n rooibok-horing blaas wat dan ook "sterk" gemaak is deur die kragmiddele daarin, terwyl hy na die leeu kyk. Na bewering word die leeu dan onnosel en mak en gee hy die ngaka 'n kans om weg te kom.

"As dit weerlig is, as ek dit die eerste keer sien en dit my nie van agter oorval nie en dit brandende kom, die swepe van ander dingaka en ek blaas my fluit, miskien in die middel van die dag, sal mens net die fluit hoor terwyl ek myself beskut! Om daardie rede dan, as die stuurder van hierdie blits nie sterk is nie, keer dit na hom terug en sal hom met leed tref." (D13).

Ook kan die onheil wat na die ngaka kom 'n slang (nôga) wees wat gestuur is. Indien hy deur die slang gepik word, neem hy van die medisyne in die horing en sluk dit in, wat dan as braakmiddel sal werk en waardeur die gif van die slang verwyder sal word. Ook word inkerwings gemaak by die bytplek en van die medisyne in die horing daar ingevrywe. Daar is nl. reeds in die medisynehoring 'n "slangserum", deurdat by die bereiding daarvan van die gevaarlikste slange toegevoeg is in die kragmiddel, om sodoende voorbereid te wees vir enige onheil wat mag kom. (Vgl. Hoofstuk IX vir 'n nadere beskouing van die bereiding van die medisynehoring).

Die slang wat die ngaka gepik het maak hy dan dood en "stuur" dit terug; d.w.s. die gees of wese van die slang sal dan teruggaan na die een wat hom gestuur het en sê: "Ek is gevang." Van dan af sal daardie persoon wat die slang gestuur het vir goed vir jou bang wees as ngaka. Indien die afsender nie goed beskut is met kragmiddele en 'sterk' is nie, dan kan die slang hom selfs doodmaak.

Elke ngaka, sonder uitsondering, maak dus daardie voorsorg, nl. om homself behoorlik te wapen en beskerm met die nodige kragmiddele, voordat hy met sy praktyk begin. Tuis, en ook wanneer hy op reis gaan, het elkeen dan ook altyd sy kragmiddele by hom waarmee hy homself beveilig teen al die aanslae op sy lewe, waaraan hy voortdurend blootgestel is. Aan die ander kant leef hy ook in 'n denkbeeldige wêreld wat die Westerling nooit heeltemal sal kan sien of snap nie, want terwyl hy oënskynlik ewe rustig en kalm daar

stap met 'n horinkie om die nek of met 'n blikkie swart salf in sy baadjiesak, sien hy homself voortdurend omring deur die kragtigste magte denkbaar tot sy beskikking, nl.: Leeus, olifante, krokodille, gevaarlike slange en kragtige gifplante, wat hy almal tot sy diens ingespan het en volkome kan beheer. Hy voel veilig tussen al sy "beskermdiere" en -plante wat hom dag en nag beskut: die aasvoël wat 'n wakende oog oor hom hou, die mamba wat gereed sit om soos 'n blitsstraal uit te spring op sy vyand, asook die weerligvoël self vir wie hy enige oomblik kan stuur om sy vyand van die gras te maak. Geen wonder dan dat die ngaka met daardie gevoel van volkome sekuriteit die vreemde ingaan en met vertroue die toekoms tegemoet sien nie.

In hierdie magsposisie waarin die ngaka homself gevoel, erken hy egter dat die Blanke oor groter mag beskik as hyself. Verskeie dingaka het onomwonde verklaar: Die Witmense is groter dingaka as ons. Hulle kan die natuurmagte beter as ons beheer: die weerlig inspan, leeus, olifante en slange lewendig tem; kyk maar na hulle sirkusse en dieretuine! Meer as een het gesê: " 'n Tswana ngaka kan 'n Witmens nie toor nie; hy is te sterk en goed beskut, en dit sal net die ngaka se eie ondergang beteken." Selfs die versameling wat ek van plante en kragmiddele vir hierdie studie gemaak het in my studeerkamer, het ten gevolg gehad dat tenspyte van herhaalde ontkenings, naturelle besoekers my beskou het as 'n regte ngaka. Hierdie opvatting is onuitwisbaar versterk deurdat daar binne die bestek van twee, drie jaar, meer as 5 mamba slange in en om die studeerkamer doodgeskiet is. Tydens 'n besoek het kaptein Molefi dan ook eendag met ontsag navraag gedoen: "of die groot slang nog hier woon". Hierdie voorbeeld word genoem om te wys hoe gou die opvatting van 'n ngaka se mag ontstaan as die gewone Motswana sy medisynesak of sy indrukwekkende hals-snoer sien, of dan slange wat naby hom woon.

F. DIE NGAKA SE VOORTDURENDE KONTAK MET DIE VOOROUERGEESTE

By die bespreking van die ngaka se opleiding is daarop gewys hoedat hy in opdrag en met die hulp van die badimo of voorouergeeste sy opleiding moet ondergaan. Maar daardie verbintenis moet op 'n besondere wyse dwars deur sy lewe bestendig word: "Soos wat ek 'n ngaka is kan ek nie eenvoudig net behandel sonder inagneming van my afgestorwe voorouers nie. Dit beteken dat daar geen twee dae verbygaan waarin ek nie met hulle in verbinding was deur die gebed nie." (A. 11). Hy gaan dan voort om te sê hoedat enigiets wat hy moet doen, soos bv. die bereiding van 'n leswalo (voorspoed salf), sal sy vader in 'n droom aan hom opdragte gee, wat hy moet byvoeg.

'n Vertelling in hierdie verband deur een ngaka is moeilik om te glo, maar omdat dit toon met watter nalewe geloof hy glo in 'n persoonlike aanraking met sy afgestorwe voorouers, volg hier aanhalings uit daardie diktaat: " 'n Ngaka kan natuurlik niks doen sonder die hulp van sy

voorouer-(geeste) nie." (A.13). Hy gaan dan voort om te vertel hoedat omtrent 40 myl noord van Thamazimbi daar "die aasvoëlberg" (Kransberge?) is. In die berg is 'n ontsaglike grot: Madimatla. As 'n mens by daardie grot kom, hoor jy in die grot al die skepsele van Modimo: 'n skaap wat blêr, bokke, 'n hoenderhaan wat kraai, 'n hen met haar kuikens, 'n koei wat bulk en selfs 'n mens wat melk. Jy hoor selfs: "kúr kúr, kúr kúr" soos die melk in die emmer val. Jy hoor ook die vroue wat koringstamp terwyl vrolike liedere gesing word.

"Dit is omdat hierdie die tuiste (stat) is van die voorouergeeste, naamlik die mense van alle tye." (A.13). En omdat hy glo dat dit die opening is tot die tuiste van die voorouers sê hy: "As ek nou iets nodig het, dan gaan kuier ek vir die voorouers. Soos nou die dag toe ek 'n kraai se eier nodig gehad het, wat my dronkgeslaan het oor watter is nou 'n manlike een tussen die eiers. Ek het toe gaan vra vir die voorouers:

"God van my grootvaders,
Ek vra van die voorouers wat my meesters is,
dat hulle vir my sal gee wat ek nou hier vra.
Want hulle,
U sal hulle stuur om dit vir my te gee,
Môre-oggend vroeg.
As die son uitkom, dan sal ek hier wees.
Ek vra 'n swart kraai se eier,
Maar 'n manlike een,
Wat deur julle, my voorouergeeste,
My meesters, aan my gegee sal word.
Ek vra dit om daarmee te werk.
Dit is 'n 'sameroeper' van mense (wat ek wil maak)."
(A.13).

Wat opmerklik is by hierdie gebed is dat God eerste aangeroep word: "Modimo wa bo ntate-mogolo" (God van my grootvaders) en dat hy eers aan die Skepper as hoogste wese sê, wat hy verlang van sy ouers. Dan in dieselfde gebed gaan hy voort om met "julle my voorouergeeste" te praat.

Vervolgens sê hy dat daar 'n antwoord sal kom uit die grot: "Daar is 'n mens wat jou gaan antwoord as jy die gebed hier voltooi. Net sodra jy hulle (jou oë) oopmaak, dan gaan hy jou oor hierdie woorde antwoord, naamlik dat dit nie iets is wat jy vir iemand anders mag gee nie. Net jy mag dit gebruik." (A.13).

Hy gaan voort om te vertel hoedat as jy die volgende oggend weer by die grot Madimatla kom dat jy dan wat jy gevra het sal kry net waar jy gister gestaan het. "Maar jy sal dit nie neem sonder om te bid, waarin jy daarvoor dankie sê nie." Die "persoon" wat dit vir jou gebring het, praat dan weer met jou "en hy gaan vir jou opdragte gee..., maar jy sien hom nie."

Hierdie openbaring van 'n ngaka se skakeling met sy badimo is moeilik om te verklaar, want hy staan stoksiel-alleen ver in die veld en hy glo net dat dit wel met hom gebeur. Hy glo dit so vas dat hy dan ook afsluit: "Dit wys vir my dat daar badimo (voorouergeeste) is, en hulle hoor die gebede van ons, hulle kinders, en verder dat hulle ons help om vir ons te gee wat ons nodig mag hê." (A.13).

Meer as een ngaka het ook daarop gewys hoedat die dolosse wat namens die voorouergeeste moet praat, van tyd tot tyd 'vertrap' word deur besoekers en dan nie meer goed praat nie. Dan moet hy die dolosse was en neem na die familie-ashoop, waar die voorouers in die nag sal kom en die dolosse sal seën sodat hulle weer rein en wakker sal wees en kan praat. (B.3).

'n Ngaka moet ook sy badimo kos gee. In (H.2) vermeld die ngaka hoedat by die bereiding van 'n beveiligingspreparaat vir die star hy eers die 3 Matshego (stutklippe) moet kos gee waarop sy lengêta (potskerf) wat die medisynes braai, lê: "Ek neem pap en laat die eerste klip eet en die tweede en die derde, deur pap op hierdie drie stutte te smeer." Dit is by die familie-vuurmaakplek en daardie pap kan die voorouergeeste nou eet. Toe hy (in H.2) om 'n verduideliking gevra is het hy gesê: "Die matshego (klipstutte) vir die potskerf, as ek hulle (so) pap laat eet, dan is dit omdat dit die voorouergeeste is. Dit is my grootvaders en oorgrootvaders wat dood is, en my oumas wat dood is. Dit meen nou: ek laat hulle eet. Ek bid tot die afgestorwenes (badimo) dat hierdie 'medisyne' vir my geseënd mag wees. Die eerste stutklip wat ek laat eet is my grootvader wat my vader verwek het. Die tweede is my grootmoeder wat geboorte gegee het aan my moeder. Die derde is ek. My vader is die medisyne in die potskerf."

Hierdie laaste bewering lyk na 'n vergissing, toe daar nie genoeg klippe was vir almal wat deurgaans as badimo nie. Waarskynlik is die derde klip sy vader. En dan ook nie die klip as die voorouer self nie, maar net as setel van die voorouer se teenwoordigheid, want die klippe word verder nie met soveel respek behandel asof hulle self die voorouers is nie. Hy voeg dan ook daaraan toe: "Vir die stutte kan ek enige klippe neem." In bogenoemde geval was die sogenaamde gebed nie hardop nie maar 'n "gebare-gebed": "Ek sal in stilte so maak, terwyl ek in my hart weet."

Meer as een ngaka gebruik die sponserige deel van 'n rysmiernes as iets besonder, soos ook in Hoofstuk X behandel word. Een ngaka het die rede hiervoor gegee, naamlik dat dit 'n kontakmiddel met die badimo (voorouergeeste) is toe hy gesê het (E.11): "As 'n rysmiernes so belangrik is dan is dit omdat dit die voorouergeeste bedoel, soos wat die voorouergeeste juis die rysmiernes is." Hiervolgens is 'n rysmiernes een van die openinge na ondertoe waar die voorouers woon.

'n Verdere voorbeeld van badimo-aanroeping vind ons (in E.11) waar 'n vrou nie 'n kind kan kry nie en die ngaka met haar dan na 'n rysmiernes gaan. Daar word dan 'n bakoondjie in die miershoop gemaak, en op 3 klipstutte word dan pap in 'n klein kleipotjie deur die vrou gekook binne in die rysmiernes. Hierdie teks is ongelukkig nie voltooi nie, maar na die voorgaande tekste kan ook hier die afleiding gemaak word dat die vrou vir die voorouergeeste pap kook en word die versoek tot hulle gerig om dan tog vir haar 'n kind te gee. Vergelyk vir verdere voorbeelde van voorouer-aanbidding en die behandeling van die onderwerp, Reyneke (1945), waar vermeld word hoe die grafte van die afgestorwe voorouers besoek word en bietjie snuif of bier daar uitgooi word as 'n gebed.

G. SPECIALISERING

In die bongaka soos in enige ander professie, is daar altyd diegene wat vanweë hul belangstelling in 'n sekere rigting of ook sukses wat hulle behaal, kenners by uitnemendheid word van die spesifieke vertakking van hulle vak.

So sal 'n mens dan ook hoor dat die dingaka self sê: 'Op so en so 'n plek is 'n ngaka wat uitstekend is met die genesing van een of ander siekte.' So is 'n sekere ngaka dan bekend vir sy vermoë om kranksinnigheid te genees en 'n ander is baie goed met 'reën-maak'. 'n Derde sal die kaptein se vertroueling wees by die stamskool, en 'n ander is beroemd vir sy kennis om sprinkane en vinke weg te hou van die landerye.

Elke beroemde ngaka is nog gewone ngaka maar word dan van heinde en verre besoek vanweë sy alombekendheid. Dit bring dan ook mee dat waar 'n jong ngaka nog moet rondgaan van stat tot stat en selfs na ander stamme gaan, dat sy beroemde kollega net tuisbly waar hy genoeg pasiënte kry wat na hom toe kom. Sommige van die jonger manne wens dat hulle net so suksesvol kan wees en gaan dan na so 'n ngaka van wie hulle gehoor het dat hy baie suksesvol is met 'n sekere behandeling. Waar hulle dan nie vir slegs die behandeling kom nie, maar hom die 'kuns kom afvra' is dit dan ook te begrype dat hy 'n ruime vergoeding daarvoor gaan eis.

Ashton vind dit ook so by die Sotho (1952:283) waar hy wys op dingaka wat hulle kennis verruim. Hy beklemtoon daar 'n belangrike punt, wat ook by die Batswana die geval is, nl. dat 'n ngaka sal sê: hy het gedroom dat hy 'n sekere plant of middel moet gebruik. Die ngaka glo vas dat dit sy badimo is wat hierdie middel aan hom openbaar het en daarom gaan hy daardie plant waarvan hy gedroom het ook voeg in sy preparaat.

H. SAMEVATTING

Die opleiding van dingaka geskied op 'n uiters selektiewe basis wat hoofsaaklik daarop neerkom dat 'n ngaka verkieslik sy eie seun of soms ook sy dogter oplei wat die meeste begaafdheid toon vir hierdie gespesialiseerde professie. Indien 'n vreemdeling met die nodige drang daartoe, asook die nodige opleidingsfooie van 10 beeste kom, kan hy ook opgelei word. Heel dikwels word 'n voornemende student in die bongaka bewus van 'n "roeping" deur een van sy voorouers wat aan hom die "opdrag" gee in 'n droom of gesig om 'n ngaka te word. Hy voel gevolglik oortuig daarvan dat sy bongaka-professie vir hom direk voortvloei uit sy afgestorwe vader of oupa se persoonlike opdragte aan hom en nie omdat hy self lus het daarvoor nie. Hierdie skakeling met sy afgestorwe voorouers bly dan ook in latere jare 'n belangrike aspek van sy "geestelike lewe".

Vir sy opleiding moet elke ngaka vir 'n geruime tyd 'n praktiserende ngaka vergesel op sy besoeke aan pasiënte om sodoende vertrouwd te raak met siektes en voorskrifte en om deur praktiese ondervinding die talle plante en hul gebruike te leer ken. Hy leer ook hoe om die dolosse te maak en te hanteer. Sodra die algemene opleiding voltooi is dan kan so 'n student na 2 of meer "spesialiste" gaan om verder uitgebou te word in sekere gespesialiseerde rigtings soos hoe om botsenwa ("besentenheid") te genees. Na bewering kan bongaka nie net geleer word nie, maar moet die student dit ook "ingegee word om te drink" (go nosiwa bongaka). Hy moet bv. van die stof drink van sy oupa se graf sodat dit 'n deel word van sy hele wese en persoonlikheid, en wat hy geleer het nie sal vergeet nie en ook maklik sal droom en daardeur gereeld deur die badimo (voorouergeeste) voorligting sal kry wanneer hy kennis kortkom. Go nosiwa bongaka neem ook alle vrees van hom weg, veral omdat hy deur sy leermeester na die vreeswekkende slang Mamogaswa in die berge en ook na Kgogela die groot waterslang gestuur word om daar dipheko (kragmiddele) te gaan haal. Hy moet leer om sonder vrees 'n mens te kan oopsny. Die Molêlêmedi-plant wat hy uit 'n diep kuil onder die water moet gaan uithaal en deur die ngaka te drinke gegee word, sal hom 'n onversadigbare drang na kennis en betroubare geheue gee asook die nodige inligting wat die badimo voortdurend aan hom sal verskaf. Die ngaka bly sodoende te alle tye onder die besef van die voortdurende verbintenis wat hy vir hierdie roeping behou met sy badimo.

Waar 'n vader die bongaka aan sy seun oordra vind die finale inlywings plaas wanneer hulle twee alleen en nakend in die veld is bo-op die swart vel van 'n bees wat hulle vir hierdie plegtigheid daar geslag het. Hier vind dan ook die kragmeting plaas tussen die geïnisieerde ngaka en enige ander wat hom probeer toor, gegrond op die opvatting dat die swakkere van hulle twee met 'n weerligstraal getref sal word.

Die toerusting wat die ngaka gebruik bestaan uit sy mus van jakkalsvel, sy seditse of wildebeesstert waarmee hy pasiënte en beeste besprenkel, sy halssnoer van kragtige middele soos o.a. luislang- en mamba-rugwerwels, asook die bek van 'n aasvoël en ander dipheko (kragmiddele). Hy het ook sy sakkie met dolosse altyd by hom om in onbekende situasies meer besonderhede 'te wete' te kom. Enkele Tswana dingaka gebruik die mankgwenyane, 'n bewegende stokkies-"waarsêer" wat soos 'n slang heen en weer swaai. Vermoedelik kom die Mankgwenyane van die Bapedi, waar dit volgens Mönnig (1967:85) in gebruik is. Die ngaka het vervolgens nog sy medisynesak waarin hy die meeste van sy dipheko (kragmiddele) hou.

Die medisynesak wat hy maak van 'n duiker- of bokvel, dra die ngaka oor sy skouer, met 'n hele versameling dipheko (kragmiddele) van diere, reptiele en plante daarin. Ook sy motlhogo (suighoring) plaas hy in die sak en dra sy kepu (graafyster) in sy hand of oor sy skouer. Tuis het hy sy phalo of handdisseltjie waarmee hy die kragmiddele fynkerfasook 'n lerumo (assegaai) om die tshitlho (krag-salf) mee in twee te sny. In die sak om sy nek dra hy 'n phala (fluit) wat bv. van die been van 'n mens of bobbejaan gemaak is en wat gebruik word om iemand wat toor af te skrik. Ook het die ngaka in sy medisynesak 'n hele paar horings wat gevul is met krag-salf (manaka a dipheko), waarvan hy dadelik kan gebruik soos bv. in die geval van 'n slangbyt.

Die Tswana-ngaka is daarvan "bewus" dat hy te alle tye in lewensgevaar verkeer omdat "ander dingaka se marumo (assegaai) op hom gerig is", grotendeels ook vanweë onderlinge jaloesie en naywer. Hierdie "assegaai" kan 'n leeu, of weerlig of ernstige siekte of enige ramp wees. Daarom tref hy die nodige voorsorg deur homself toe te rus met al die moontlike afweer- en teenmiddele sodat hy aanvalle wat op hom gerig is kan bekamp.

Onder omstandighede soos hierdie is dit dan ook te begrype dat die ngaka in noue voeling met sy voorouergeeste sal wil wees, wanneer hy hulle gaan opsoek by die grot Madimatla naby Thabazimbi. Hy beweer en glo ook dat die badimo daar met hom praat en ook gee wat hy nodig het. Van sy kant weer betuig die ngaka sy dankbaarheid deur bv. aan hulle iets te ete voor te sit. Dit doen hy tuis of by 'n rysmiernes of by die graf van 'n afgestorwe voorouer.

Om 'n gesiene en beroemde ngaka te wees is meer as een se aspirasie, en daarom 'spesialiseer' talle van hulle in een of ander rigting, soos bv. in vrouesiektes, om onvrugbaarheid teen te werk, om kranksinnigheid te genees, reën te maak of om sprinkane en vinke weg te hou van die landerye.

HOOFSTUK VI

DIE INVLOEDSFEER VAN DIE DINGAKA

IN DIE SAMELEWING

Die Tswana ngaka se betekenis vir sy volksgenote sal eers duidelik na vore kom by die analitiese beskouing van sy werksaamhede in Hoofstukke VII tot X. Om 'n geheelbeeld te kry van die omvang van sy werksaamhede in die stamlewe, word hier dan net 'n vlugtige oorsig gegee van sy arbeidsveld.

A. SY EERVOLLE POSISIE IN DIE KGOTLA (VERGADERPLEK)

Die ngaka moet optree by die aanlê van 'n stat of die inseëning en versterking van 'n kaptein of in tye van droogte en oorlog en alle krisis in die volkslewe. Schapera (1953 herdruk 1962 p. 62) gee 'n saaklike opsomming as hy o.a. sê: "In the old days, doctors renowned for their skill were generally employed to help the chief in the various public rites for which he was responsible. Such men were called dingaka tsa morafe, 'tribal doctors'. Rain-makers always belonged to this class, as did the doctors who treated the army in time of war, assisted at the initiation ceremonies, purified newly bereaved persons etc."

Op grond van sy verantwoordelikhede tref mens hom dikwels aan in die kgotla wanneer iets wat van belang vir die hele stam is, bespreek word. So bv. het tydens 'n bid-dag vir reën toe 'n diens gehou is op die marope (murasie) van die vroeëre kaptein se hutte, die kaptein ná die diens gesê dat die mans na die kgotla moet kom. Daar het hy toe net gesê: "Laat die dingaka dolosgooi". Vyf of ses van hulle het te voorskyn gekom en elk sy dolossakkie uitgeskud. Een na die ander het elk sy valwyse se pryslied opgesê. Ook het hulle vir die hoofman die dolosse aangegee en het hy plat op die grond gaan sit en gegooi nadat hy op hulle geblaas het.

Die dingaka het mekaar aangevul en gesamentlik in hul uitspraak tot die slotsom gekom: Die reën bly weg want daar is dibêêla, d.w.s. teenspoedbrengers, soos bv. 'n lyk wat in die veld lê, kleipotte wat leeg met hul openinge na bo rondlê en wat alles die reën verdryf. Die grootste oorsaak is batho ga ba utlwane: daar is nie eenstemmigheid nie, maar rusie onder die stam. Eensgesindheid tussen die 'kinders' is 'n vereiste voordat hulle die seën van Modimo en die voorouers kan verwag. Indien enige ramp of krisis die stam tref, sal die dingaka geroep word en dan het die hoofman sy vertroueling, vir wie hy dan vra om op te tree.

Dat elke Mokgatla daarvan bewus is dat die dolosse nie altyd 'reg' is nie, kom ook in die kgotla na vore, waar

'n paar van hulle se valwyses verskil. Om daardie rede is die uitspraak van die dolosse by 'n hofsak nie genoegsame 'getuienis' om 'n persoon skuldig te vind vir 'n oortreding nie.

Breutz sê dan ook van die eervolle posisie van die ngaka in die samelewing (1941:67): "Fast jedes Dorf hat einen ngaka, der Schutzmedizinen für Menschen, Tiere, Hütten, Kraal- und Dorfbuzgänge, sowie für Veranstaltungen u.a. bereitet, der die Ursachen von Krankheiten, Tod, Unglück und besonderen Ereignissen festzustellen weiss, der Geheimnisse aufdeckt, Diebe herausfindet, den rechten Zeitpunkt für den Beginn von Arbeiten und Unternehmungen bestimmt und Vorzeichen zu deuten vermag."

B. DIE NGAKA AS RAADGEWER EN BEVEILIGER VAN DIE GESINSLEWE

Die hele Tswana samelewing is so ingestel dat elke gesinshoof met 'n verantwoordelikeheidsgevoel, voortdurend die welvaart van sy huisgesin op die hart moet dra en bevorder en dit wel op so 'n manier doen dat sy optrede sal inpas in die sosiale milieu waarin hy hom bevind. As teffende voorbeeld kan die geval genoem word (vgl. H.4) van een ngaka, 'n Mokgatla, wat 'n waardige ouderling van die Kerk was op Mathubudukwane, tot met sy onlangse afsterwe. Aanvanklik het hy as Christen konsekwent geweier om hom te wend tot die dingaka vir sy huislike moeilikhede. Hy het selfs geweier om enige van hulle kragmiddele te gebruik. Van die 10 kinders wat hy gehad het is een na die ander dood totdat daar slegs 2 oorgebly het. Hy het volgehou dat dit slegs 'die wil van Modimo' was dat hulle moes gaan, totdat iemand hom daarop wys dat hy as vader self die oorsaak van sy kinders se afsterwe is, deurdat hy nalatig was in die 'beskerming' wat hy aan hulle moes verleen en dat ook sy eie lewe bedreig word: Want, so het hy dit gestel: God help alleen hulle wat self ook uitspring en hul plig doen, deur dié middele te gebruik wat aan hulle gegee is. Hy wat weens nalatigheid ly, moet self die skuld daarvoor dra.

Hy besluit toe om hierdie raad aan te neem en stem toe in dat 'n ngaka gesoek kan word wat sy huisgesin kan kom beveilig. Daar het toe ook een gekom om sy lapa te 'dokter'. "En nou terwyl hy nog gemeen het hy gaan my 'dokter' kom iemand en sê: "Is hierdie een jou ngaka?" Ek sê toe "Ja". Hy sê toe: "Dis 'n toornaar. Hy toor." Ek sê toe: "Ai! Jy sê darem hierdie mens van my sleg." "Laat staan hom, vader, ek sal jou vertel van 'n ngaka wat nie toor nie. Hierdie is regtig 'n groot ngaka, maar hy toor. Laat staan hom. Selfs al het jy hom 'n bees gegee is dit niks." "Ek het hom toe laat staan, en gekyk in die rigting waarna hy verwys het, en ek het 'n ngaka gekry. Daar is ek nog al die tyd." (H.4).

Op bogenoemde advies wat hy gekry het dat die ngaka 'n toornaar of moloi is wat mense doodmaak, het hy weer van hom ontslae geraak deur aan hom 3 beeste te betaal vir die

moeite wat hy reeds gedoen het. Hierdie ouderling se vrou, wat intussen deur 'n weerligstraal getref en vermink is, se teenspoed word toegeskryf aan die eerste ngaka, maar die man kry toe by 'n Kwena ngaka 'n kragmiddelhoring (lenaka la tshitlo) en 'dokter' almal in sy lapa daarmee. Sedertdien is sy huislike lewe geseënd en hierdie waardige ou vader glo vas in die waarde van die ngaka se kragmedisyne. Daardie ngaka is reeds dood, maar die bereiding van die medisynehoring het sy seun van hom geërf en hierdie ouderling het my toe na hom geneem om daar nog van hierdie wonderlike tshitlō of beskermmiddel te gaan haal wat hy sedert die begin nog steeds gebruik vir die beveiliging van sy lapa, en wat hy ook in baie van sy eie preparate voeg.

Soos in sý geval, so is daar ook talle ander en is dit die reël by feitlik alle gesinne dat die huisgesin net eenvoudig beveilig en beskut moet word teen al die dreigende onheile wat hul omring en wat diegene sal tref wat hulself nie beskerm nie. Altans, so glo die Motswana onwrikbaar vas. Watter gerusstelling is dit nie dan om te kan voel: Jy het gedoen wat jy kon. Van die beste beskikbare middele het jy teen groot koste bekom, en met vertroue in die beveiligingsritus wat jy uitgevoer het, gaan jy die toekoms in. Met 'n medisynehoring teen die muur van sy hut kan die gesinshoof dan sê: (A.14): "Hier soos ek nou is, het ek my liggaam beskut en my tuiste en my kinders met my beskermmiddel. Dit beteken dat wie ook al sal probeer om my te toor, hy sal dit weet! Hy sal siek word, of miskien sal hy doodgaan. Soos die vyf wat ek met hulle name kan opnoem. Een van hulle het 'n boggelrug gekry... die bloed het hom gebreek. Hy was die ngaka van die onderkaptein, dié man."

C. TOEVLUGSOORD VIR PERSOONLIKE MOEILIKHEDE

Dikwels kom die Motswana in die moeilikheid wanneer hy deur sy medestamgenote aangekla word van een of ander oortreding. Soms is hy werklik skuldig en meermale is dit dan ook van 'n heel ernstige aard, en word hy ingesleep in 'n moeilike regsgeding wat hom 'n boete van baie beste kan kos. Ook hier kan hy hom wend tot 'n ngaka om hom uit die moeilikheid te help.

In teks E.3 berei die ngaka 'n middel wat sy kliënt kan gebruik om sy posisie in die hof te beveilig: 'n Rivierrietjie word geneem en 'n twee duim lang stukkie afgesny en binne skoongemaak met 'n opening aan albei kante. Ook twee propies word vir die openinge gemaak. Die middel wat hierin gesit word het twee bestanddele nl.: Fyngestampte Basterkaree se wortels (*Rhus leptodictya* Diels) wat drooggemaak is en dan 'n deel van 'n gedroogde verkleurmanneljie, wat ook tot 'n fyn poeier gestamp word. Die twee poeiers word vermeng, dan in die rietjie geplaas en toegekurk. 'n Hele paar rietjies kan so terselfdertyd gevul en in gereedheid gehou word vir hofsake.

"Die dag wanneer jy deur 'n regsgeding oorval word, dan neem jy hierdie rietjie en gaan daarmee. Terwyl jy (na die kgotla) loop... , maak (jy) dit aan albei kante oop, ... steek dit in die mond en blaas: "phuu!" Die rietjie gooi jy voor jou uit en stap daaroor en gaan voort na die hofsitting." Die verkleurmanneltjie word hier van besonder hoë waarde geag: "omdat hy van kleur verander en jy nie kan sê wat sy kleur is nie." "Die ngaka het dan ook verder verduidelik: As hy, (die verkleurmanneltjie), in die hofsaa-kmiddel gesit word, help dit, want as hulle jou onder kruis-verhoor neem sal hulle nie weet hoe hulle jou kan skuldig vind nie. Miskien sal dit drie jaar duur en daar nie oor jou uitspraak gegee kan word nie." (E.3). Die verdere verduideliking wat gegee is, is dat jý wat die middel gebruik nou self as het ware van kleur verander terwyl jy bespreek word. Die een beskuldiger sal nog beduie hoe 'swart' (skuldig) jy is, dan val 'n ander hom in die rede en sê: Nee jy is 'bont' totdat 'n derde hom stilmaak en sê jy is 'wit' en so sal hulle aanhou totdat hulle uit pure moede-loosheid jou laat vaar en nie weet wat om te doen nie!

Hierdie opvatting wat baie naïef klink is heel logies as ons die Bantoe-opvatting in gedagte hou naamlik dat die wesenseienskap van die verkleurmanneltjie nie deur sy dood, braai of fynmaal enigsins verminder is nie, maar nou aangewend kan word deur die mens wat daartoe die nodige insig het. (Vergelyk Hoofstuk XI vir 'n uiteensetting van die Tswana Wysgerige beskouing hieroor). Die feit dat in die alledaagse lewe die eindresultaat nie altyd gunstig is nie, byvoorbeeld wanneer die persoon dan tog skuldig bevind word, doen nie veel afbreuk aan die hegtheid van die geloof in hierdie middel nie, want ook hier sê die ngaka en die Motswana: "As dit goed gaan sal jy sien dat alles reg is. Maar as dit nie goed gaan nie sal jy dit bemerk. D.w.s. ons vra alles van God, maar as God nie wil nie, dan help dit niks nie. As God wil kan ek hierdie hofsaa wen." (E.3).

Dus God as skepper beskik in laaste instansie oor die finale beslissing. Maar die mens mag nie net stil sit en dink: "Alles sal regkom" nie! want: "Mokodue, go tsosiwa o o itekang" (Slegs die maer bees wat nog spartel in die modder word gehelp). Jy moet self jou bes probeer met wat Modimo vir jou in die hand lê en dan kan jy op Sy seën reken.

Onlangs het die ngaka wat hierdie beskermmiddel berei en wat ouderling in die Kerk is na die hoofstat van die kaptein gegaan as 'n deel van 'n afvaardiging om 'n onderhoud te hê oor die bou van 'n nuwe kerk. Die onderhoud was gespanne, maar die deputasie het redelik daarvan afgekome. As verklaring hiervoor haal die ngaka-ouderling toe die middag 'n geel worteltjie uit sy baadjiesak en sê: "Sien, Moruti, ons moet bid sover as ons gaan." Hy het net 'n puntjie afgebyt, bietjie gekou en die stukkie voor hom uitgespuug terwyl hy naderstap vir die onderhoud. Hy antwoord toe ook bevestigend, nl. dat dit ook die

Basterkareewortel is (*Rhus leptodictya* Diels).

'n Paar maande na hierdie onderhoud met die hoofman, sê die ngaka-ouderling dat dit tyd geword het om weer na die kaptein te gaan om vir hom te gaan vra hoelank hy nog die bou van die kerk gaan vertraag. Daar moet egter niemand anders saamgaan nie, daar dit net die kaptein sal ontstel. Die volgende môre voor sonop word toe per motor die 27 myl afgereis na Mochudi, waar die kaptein by sy huis 'voorgekeer' moet word voor hy met ander werksaamhede kan begin. So 'n myl buitekant Mochudi hou ons eers stil. Die ngaka-ouderling neem toe so 'n rietjie wat weerskante toegekurk is uit sy tassie, trek die twee proppies uit, en blaas in die rigting van die kaptein se woning, wat toe tussen 2 en 3 myl daarvan is en hy sê ter verduideliking: "As Modimo wil, sal hy (die kaptein) mak wees en sal ons met hom kan praat." Ons het die hoofman toe ook tuis aangetref en hy het ons baie vriendelik en simpatiek ontvang en 'gehoor' wat ons oor die kerk se bou te sê gehad het. 'n Week later was hy toe ook op die terrein waar die kerk gebou moet word en het hy sy toestemming gegee vir die bouery om voort te gaan. Sulke gevalle noem die ngaka dan as onomstootlike bewys dat dit wel help om op hierdie wyse tot Modimo te 'bid' om die mens in sy doen en late te seën.

Onlangs nog het 'n jong naturel vir die ou ngaka kom dankie sê vir sy hulp met die 'rietjie'. Hy sou nl. 'n spoorwegseil gekoop het van 'n ander persoon en hy moes toe voor die Bantoesakekommissaris verskyn vir diefstal van die seil. "Gelukkig' kon hy eers van die 'hofspraak-medisyne' in die hande kry en aanwend en is hy onskuldig bevind." Dit 'bewys' vir die Motswana net weer hoe 'n kragtige middel dit is.

Bogenoemde gevalle toon dat ook vir die hedendaagse Motswana, wat reeds in voortdurende aanraking met die Westerse beskawing en die Christelike geloof gekom het, die 'beproeft' hulpmiddele van sy voorouers gebruik moet word vir die toenemende gevaarpunte waaraan hy blootgestel is.

D. DIE NGAKA AS BESKERMHEER VAN DIE GEMEENSAP

'n Mokgatla moet ook net soos enige ander mens rondgaan en bv. by 'n huweliksfees of by die ete na 'n begrafnis, tussen mense beweeg en dan van die kos eet wat aan hom voorgesit word. Maar 'n mens weet nie of daar in jou bier of vleis of ander kos miskien ongemerk iets geplaas is deur jou vyand om jou te toor nie. Daarom kry jy by die ngaka 'n middel wat jou sal beveilig: Net die bas van 'die Bosboekenhout' is genoeg. Die Tswana naam: 'Moragangaka', (die ngaka-skopper) wys al op die aard daarvan: Nou kan jy sonder vrees alles geniet wat voorgesit word, want enige iets wat jy eet of drink wat skadelik vir jou kan wees, sal jy onmiddellik vomeer, as jy voorheen net 'n stukkie van die bas fyngekou en die speeksel ingesluk het. "Enigiets wat doodmaak: as jy die bas van hierdie (plant) neem en jy dit

kou, sal jy opgooi wat jy geëet of gedrink het. Sodra jy die tweede of derde lepel (vergiftigde) kos neem, dan gooi jy op. Dit kom terug en jy sal weet dat daardie kos nie reg (eetbaar) is nie." (K.1!).

Dit is ook gebruiklik dat tydens 'n fees soos met 'n huwelik, die ngaka vooraf ontbied moet word om daardie lapa te kom beskerm, sodat daar nie teenspoed sal wees waar soveel mense kom nie en wat maklik onreinheid en selfs onvrugbaarheid met hulle kan saamdra. Selfs die bees wat geslag word vir die huwelik moet eers 'gedokter' word.

E. DIE BRON VAN WRAAKMIDDELE

Dit is te begrype dat as 'n Mokgatla verneem dat 'n dierbare van hom oorlede is nadat hy veel moeite gedoen en onkoste gemaak het, dat hy dan ook vir 'n ngaka sal vra: Maar wat het nou hierdie dood veroorsaak. As die dolosse dan sê: "Dit is toordery!" dan gaan daardie agtergeblewenes nie daarby berus nie. So het dit dan ook gebeur dat toe die dogter van 'n sekteleier wat voorheen leraar van die N.G. Kerk was, na 'n lang siekte te sterwe kom, het haar broers nie daarby berus nie. Die oudste broer het die leiding geneem, omdat sy vader toe al dood was en 'n ngaka ontbied, "sodat hy die graf kan 'slaan'", (go itaya lebitla) d.w.s. om die toornaar van 'n oorledene terug te betaal deur hom ook te toor. Hiervoor word o.a. van die stof van die oorledene se graf gebruik sodat die moloi ook moet doodgaan.

Die leraar se seun se eie woorde was: "Ek slag toe 'n rooi-bont ossie aangesien die ngaka gesê het dat hy sy pensmis wil hê as hy die graf 'slaan'. Dit is sodat die een wat die oorledene getoor het self ook moet doodgaan." (K.2). 'Reg' moet geskied waar die dolosse sê dat hierdie dood deur toordery veroorsaak is en die 'be-roofdes' en die ngaka voel dat weerwraak geregverdig is. (Sien verder by Hoofstuk VII).

F. BEMIDDELAAR IN DIE STAMRELIGIE

Net soos wat die ngaka in 'n persoonlike verhouding teenoor sy voorouers moet staan, moet die stam self in die persoon van hulle stamhoof ook hul afgestorwe kapteins in gedagte hou. Hier moet die ngaka die hoofman bystaan waar hy namens sy volk by hulle moet intree.

Vooroueraanbidding kom nie ooglopend by die gewone Mokgatla voor as 'n godsdiensvorm nie; veral nie nou na 'n eeu se kerstening nie. En tog vind ons nog spore daarvan soos wanneer iemand baie siek is en die ngaka se dolosse sê dit is die kranke se badimo wat ontevrede is. Dit gee dan aanleiding tot 'n versoeningshandeling om hulle tevrede te stel. Wat hier opmerklik is, is dat die ngaka die bemiddelaar is tussen die gewone lid van die stam en sy voorouergeeste. Hy sal sê as hulle ontevrede is en hy moet

voorskryf wat gedoen moet word en ook verklaar wanneer die goeie verhouding met die badimo weer herstel is. Vanuit 'n religieuse oogpunt beskou het hy dus 'n baie belangrike funksie, as skakel met die geestewêreld.

Daar is 'n sekere plant: Pheko-ya-badimo wat groei op ou ashope met 'n onaangename reuk. Dit word as die voorouers se morôgô of groente beskou. As die kranke siek bly dan word hierdie 'groente' in sy kussing gesit: "Hier pla die voorouers hierdie mens, aangesien hy niks vir hulle gedoen het toe hulle nog geleef het nie. As hulle dan nou in die nag kom om hom te pla, dan voel hulle bly oor hierdie groente. Vir hom los hulle dan uit." (I.16).

Drome word as 'n belangrike openbaringsmiddel van die badimo aan hulle kinders op aarde beskou. So het dit gebeur dat selfs 'n bejaarde leraarsweduwee nog onlangs by Saulspoort vir 'n hele week die gemeente in die nag met hulle lanterns kerk-toe laat kom het, om aan hulle te vertel van die droom wat sy gehad het van haar afgestorwe man, die vorige leraar van die gemeente.

Wat ook soms gebeur is dat 'n persoon droom dat hy sy broers en susters verwaarloos en dat die voorouers daaroor ontevrede is. Een ngaka stel dit so (I.7): "Of miskien sê die (afgestorwe) ouers van iemand: 'Hy eet, en skeep ons af'. Ek weet dat dit soms gebeur aangesien hulle ook aan my so gesê het: ... Hulle het (dit) aan my in 'n droom gesê toe ek geslaap het. Toe ek dan opstaan het ek 'die hoewe neergesit' (dolos gegooi) en hulle sê toe aan my dat ek die voorouers afskeep wanneer ek, die kere as ek eet, nie saam met die kinders wat by my is eet nie. Ek bedoel my vader en moeder se kinders. Ek was toe verplig en ek het vir hulle 'n wit bok gesoek. Ek het hulle toe almal geroep, en toe hulle almal bymekaar is, het ek ... aan hulle meegedeel: Hierdie bok slag ek vir ons moeder en ons vader, hoewel hulle reeds dood is. Dit meen dat ons aan mekaar moet dink, want ons was besig om mekaar te haat." (I.7).

Nadat sy broers en susters ingestem het, het hy die bok plat op die grond laat lê. Die bok doen dit vrywilliglik nadat hy met 'n plant bedwelmd gemaak is.⁽¹⁾ "Ek roep dan my (gestorwe) vader op sy naam en ook my moeder. Ek sny die bok se keel af terwyl ek in gebed is oor hom. D.w.s. nadat ons gebed het bly almal stil. Dat ons so stil is, wys dat ons gees een is." Soos voorheen gemeld, is "een van gees", om "eensgesind" te wees te alle tye en ook nou 'n voorwaarde vir seën. "As ek bid, dan bid ek tot God wat ons geskape het, asook tot ons ouers, dat indien daar 'n oortreding is wat ons oortree het met betrekking tot ons ouers, hulle dit vir ons moet vergeet. So sal ons lewe dan

(1) Waarskynlik word hier die *Synadenium cupulare* - gifboom, bedoel soos in L.11 behandel.

vernuwe word. Ons sal dit sien deur hulle verandering. Ons sal nie meer 'n siekte hê nie."

Dat bogenoemde meer algemeen voorkom as wat vermoed sou word, blyk ook uit die besoek aan 'n ou Mokgatla wat jare lank ouderling in die kerk was en wie se gesondheid vir meer as 'n jaar agteruitgegaan het. Sy kinders het hom verwaarloos en in sy ellende en armoede het hy toe met sy pensioengeldjies 'n wit bok gekoop. Hy het al die kinders laat roep en gesê sy oorlede dogter is ongelukkig. Die bok is toe ritueel geslag en hy en al die kinders is toe in die nag na haar graf om haar te "troos" waar sy sou treur oor haar klein kindjie wat agtergebly het. Hulle het haar toe daar by die graf verseker dat almal eensgesind en gelukkig is.

G. DIE BONGAKA SE NUWE VORME IN DIE SEPARATISTIESE KERKE

Die 16 dingaka met wie die onderhoude gevoer is, het nie een persoonlike kontak met 'n separatistiese kerk gehad nie. Twee was ouderlinge en een gewone lidmaat van die N.G. Kerk in Afrika (sending). Een was lidmaat van die Lutherse Kerk (Hermansburg). Die ander dingaka was batho fela (net mense). Nie een van hulle het enige noemenswaardige melding gemaak van die separatisme nie.

'n Opmerklike verskynsel is dat die separatistiese kerke, soos bv. die Maapostolo die gebruik van al die ngaka se dipheko verbied, maar dan tog in hulle hele optrede sekere treffende ooreenkomste toon met die bongaka. Hierin blyk dan ook hoedat die separatisme sinkretisme tussen "heidendom" en Christendom teweeggebring het. 'n Mooi voorbeeld hiervan vind mens in die beskrywing wat 'n allertreurigste en hulpelose pensioentrekker gee (in P.2) oor die behandeling wat hy by die Maapostolo gekry het vir sy vrou se siekte. Hier is dit baie opmerklik hoe dat die apostelleier nou die plek probeer inneem van die ngaka en wel as volg: Die ou pensioentrekker neem sy vrou na die leier van die apostelsekte en: "ek verskaf toe 'n offerdier, 'n wit bokkater. Hy slag hom toe ... Nadat die voedsel gaar was, is dit aan die voorouergeeste gegee in die werf. Dit word naamlik Saterdag daar geplaas. Ons het dit uitgegooi by die takheining en daarna het ons geëet."

Hierdie offerande aan die voorouergeeste is tipies van die bongaka, soos ook nog verder blyk: "Ons het gestaan voordat ons dit uitgooi en hulle (die voorouergeeste) geroep met 'n gebed: 'Ons badimo vergewe ons (dat ons julle pla). Daar is voedsel. By ons is julle kind siek. Help haar dat sy kan gesond word.' Hy, die onderwyser M. en ek het gebid."

Die 'bemiddelaar' tussen die kranke en die badimo is nou die apostelleier, nl. een van die onderwysers in die stat, wat nou die ngaka se plek neem. Soos by die ngaka, is dit veral siekte wat aanleiding gee tot aanroeping van die badimo. Toe sy vrou siek bly, het 'n ander apostelleier

gesê haar badimo is ontevrede omdat daar nie vir haar vader en moeder grafstene opgerig was nie. Vervolgens is 'n bees geleen en verkoop en twee stene plaaslik laat maak vir R12. Die evangelis van die N.G. Kerk het die huldigingsdiens gehou. "Die genesers het die opdrag gegee, nl. die apostels: Gaan doen julle hierdie werk, naamlik om die grafstaan op te rig sodat hulle (die voorouergeeste) miskien vir haar sal genees." Hierdie is 'n baie interessante betekenis wat geheg word aan die oprig van 'n grafsteen wat eintlik vreemd is aan die Bantoe, maar wat nou geïnterpreteer word as voorouerverering wat genesingskrag het.

Die apostels het ook hul eie variasie van dolosgooi: "Toe die apostels vir haar laola (dolosgooi, waar sêery), het hulle dit vir 'n sjieling gedoen. D.w.s. as jy 'n sjieling gegee het, slaan hulle die Boek (Bybel) oop. En hulle verduidelik watter siekte hierdie kan wees." (P.2). Ook met 'n ander geleentheid het 'n ander apostel weer net so 'dolosgegooi' met die Bybel. Sy uitspraak herinner ook baie sterk aan die bongaka, as die betrokke bv. sê: "Vir my het hulle gesê: 'Die vrou het uitgestel om die Here te dien. Sy moes al 'n bidder gewees het en siekes genees het.' Nou is dit asof sy gestraf is deur die voorouergeeste. Om haar te genees moet sy gewas word in die bad." (P.2).

Die Bybel-oopslaan sê dus: sy is gestraf deur die voorouergeeste en sy moet gewas word in die bad. Dit kos elke keer 50 sent en sy is toe 5 keer gewas. "Wat die bad betref, gooi hulle en sprinkel haar nat met hulle hande en was haar terwyl hulle al die tyd vir haar bid. Hy bid tot die badimo (voorouergeeste) en sê aan hulle: 'Help die kranke, my voorouergeeste.'" (P.2). Dit toon ook weer 'n baie sterk ooreenkoms met die Motswana ngaka wat sy pasiënte was om hulle ritueel te reinig en af te koel.

"Toe hulle haar in die bad gewas het, die dag van die offerande, het hulle sewe kerse opgesteek. Hulle sal die hele nag brand tot dagbreek toe." (P.2). Die ngaka het ook die 'lig' waarmee hy die 'getoorde' verlig (vgl. Hoofstuk IX) om toordery af te weer. Toe dit nie help nie, moet hy maar verder ngaka speel om die 'toorgoed' te probeer uitkry: "Hy het haar so gewas, en haar gespuit (enema gegee) met 'n motlhogo (suighoring) om haar te laat ontlas, en haar te laat braak. Die vreters (dijeso) het geweier om uit te kom." (P.2).

Die apostel kom toe weer na haar man, die pensioen-trekker wat R4.30 per kwartaal kry en sê: "'Die engele weier om te praat. As daar 'n paar sjielinkies is, laat hulle uitgehaal word." Ek haal toe R4 uit. Ons het toe so ver gekom toe hierdie (apostel) vertrek." (P.2).

Nog ander apostels het gesê hy moet 'n bees gee, want dan is jy "hulle mens" - net soos by die ngaka. "Ek wens ek was daartoe in staat, sodat ek dit aan hierdie genesers kan gee, sodat ek die 'krag' daarvan kan sien. Hy het

naamlik aan my gesê: 'Jy moet 'n bees uithaal.'" (P.2). Sundkler het hierdie aspek van die sinkretisme tussen die Christelike geloof en die Bantoe towery-praktyke uitvoerig behandel in sy Bantu Prophets en sê bv. (1948:255): "Some Zionist prophets ... form as it were, a modern movement of witch-finders, who assist and in many ways replace the heathen witch-finder or diviner. The pattern of heathen divining is closely followed, but it has been reshaped to suit modern conditions."

H. HOUDING VAN DIE OWERHEID TEENOOR DIE DINGAKA

Die owerheid in sowel die Republiek as in Botswana neem 'n baie afkerende houding in teenoor die bongaka. So het die Botswana owerheid bv. die volgende proklamasie uitgereik: 'Section 6 of Proclamation No. 17 of 1927 (The 'Witchcraft' Proclamation) makes it a penal offence for any person 'who for the purposes of gain pretends to exercise or use any kind of supernatural power, witchcraft, sorcery, enchantment, or conjuration, or undertakes to tell fortunes, or pretends from his skill or knowledge in any occult science to discover where and in what manner anything supposed to have been stolen or lost may be found.' Schapera 1938: 255 & 277).

Volgens dieselfde proklamasie mag niemand beskuldig word van te 'toor' nie, of enigiemand help om dit te doen nie en is dit veral gerig teen: "(a) all those, including 'witch-doctors' (magicians) who accuse people of using 'non-natural' means in causing any disease in any person, animal, or thing or in 'causing injury to any person or property' or of being 'a wizard or witch'; (b) 'any person who employs or solicits any witch-doctor or witch-finder to name or indicate another as a wizard or witch'; (c) 'any person professing a knowledge of so-called witchcraft or the use of charms who shall advise a person applying to him how to bewitch or injure persons, animals, or other property or who shall supply any person with the pretended means of witchcraft'; and (d) 'any person who on the advice of a witch-doctor or of his pretended knowledge or so-called witchcraft shall with intent to injure, use or cause to be put into operation such means or processes as he believes to be calculated to injure any person or property.'"

Volgens die Natal kode seksie 119 kan lisensies uitgereik word aan kruidedokters (izinyanga) om as sulks te praktiseer teen 'n vergoeding. So 'n inyanga bly egter aanspreeklik vir die welstand van behandelde persone (seksie 123). Indien 'n inyanga enige raad gee om kwaadwillig te toor en middele daarvoor beskikbaar stel, sal hy skuldig wees aan 'n oortreding (seksie 129). Vgl. Whitfield (1948:539 e.v.). In Transvaal word nie lisensies aan dingaka uitgereik nie, maar indien dit bewys word dat hulle die oorsaak van iemand se dood was, word hulle vir 'n oortreding van hierdie aard volgens die Bantoe-administrasiewet van 1927 nie deur die kaptein gestraf nie, maar moet hulle verskyn voor die Kommissaris vir Bantoesake waar hulle volgens

Bantoe-reg of Suid-Afrikaanse reg verhoor en gestraf word. (Vgl. Mönnig:1968 p. 307 e v.).

I. SAMEVATTING

Die invloedssfeer van die ngaka in die Kgatla-en Tswana-samelewing raak die hele sosiale struktuur: Hy word met eerbied bejeën in die stamhoof se kgotla of volksvergaderplek, want dit is hý wat deur die kaptein aangesê word om by die aanlê van 'n stat dít te beveilig, of die landsgrense, of by die stamskool of ten tye van krisis in die volkslewe soos droogte en oorlog. Sulke stam-toordokters is dan ook dingaka tsa morafe genoem. In die gesinslewe is sy invloed nog meer opvallend, veral omdat elke gesinshoof die nodige voorsorg probeer tref vir die welvaart van sy familie. 'n "Onbeskermd" huisgesin word gesien as 'n refleksie op 'n nalatige familiehoof en daarom is dit die Tswana gebruik dat elke 'pater familias' 'n medisynehoring by 'n ngaka moet kry waarmee sy huisgesien beveilig kan word. Die ngaka is ook die toevlugsoord vir persoonlike moeilikhede, soos wanneer iemand in die hof moet verskyn. Dan kan die toordokter aan hom 'n middel gee wat sal "verseker" dat hy nie skuldig bevind word nie. Net so ook kan 'n gunstige onderhoud met 'n gesiene persoon soos die stamhoof "verseker" word, deurdat hy 'mak gemaak' word met die regte middel. Ook dit word as 'n 'gebedshandeling' beskou om seën van Modimo te vra.

Die Kgatla gemeenskap is dikwels aan gevare blootgestel, soos by 'n huweliksfees wanneer baie vreemde mense bymekaar is en ook dan moet die ngaka optree om jou teen jou vyand te beskerm en veral die betrokkenes by die huwelik. Dan kom daar ook tye soos wanneer die dolosse sê dat die oorledene getoor (lowa) was, en dan moet wraakmiddele berei word deur 'n ngaka. Daar is ook sekere geleenthede wanneer die familiegroep of die stam as geheel die badimo of Modimo wil aanroep. By so 'n geleentheid in die stamreligie tree die ngaka op as bemiddelaar, veral nadat sy ditaola (dolosse) so 'n handelswyse voorgeskryf het. By die Bakgatla van Saulspoort en Mochudi is hierdie vorme van voorvader-aanbidding reeds in 'n groot mate deur die Christelike godsdiensoormoed vervang, maar kom tog nog dikwels voor in krisistye in die familielewe soos by ernstige siekte. Die dingaka beoefen dit self en skryf dit ook voor aan hul Christen-pasiënte as die dolosse so 'n uitspraak gee.

Dit is dan ook goed te begrype dat onder die sektevolgelingen sinkretisme sal voorkom en juis hier bemerk die waarnemer onder die Batswana elemente van die ou religieuse opvattinge soos vertolk deur die dingaka, hoewel baie van die sektekerke niks met die ngaka en sy middele te make wil hê nie. Van hulle 'apostels' vervul nou self die funksie van as bemiddelaars op te tree teenoor die badimo. Vir 'n kranke word bv. ge-laola (dolos gegooi) met die Bybel, rituele wassing vind plaas, 'verligting' met kerse wat brand en tot die badimo word gebid namens die pasiënt. Selfs 'n enema word deur die apostelleier aan 'n kranke gegee om die dijeso (vreters) uit te kry en 'n bees word van die familie gevra om aan die badimo te offer.